

# Laerskool Impala

## Beleid t.o.v Leierskap

### 1. Inleiding

- ◆ Laerskool Impala erken dat elke leerling leierseienskappe het.
- ◆ Die skool verbind homself daartoe om elke leerling die geleentheid te bied om te ontwikkel op die gebied van leierskap.
- ◆ Leerlinge wat hulle eienskappe as 'n leier positief benut sal erkenning daarvoor ontvang.
- ◆ Hierdie beleid maak voorsiening vir elke leerling om te ontwikkel tot sy/haar volle potensiaal.
- ◆ Daar word van elke fasiliteerder verwag om leierskap in sy/haar betrokke vak te bespreek.
- ◆ Verwagtinge, pligte en eienskappe t.o.v leierskap word in alle vakke omvat.

### 2. Leiers.

**Leiers by Laerskool Impala word in die volgende kategorieë verdeel:**

- |   |               |
|---|---------------|
| • Hoofseun (1) en Hoofdogter (1)                    | Slegs Graad 7 |
| • Hoofleiers (6) (Akademie , Sport en Kultuur)      | Slegs Graad 7 |
| • Hoofleiers = 3 Seuns en 3 Dogters                 |               |
| • Leerlingraad (36)                                 | Slegs Graad 7 |
| • Medialeiers (24) + Medialeidster (1)              | Slegs Graad 6 |
| • Skolierpatrolië (24) + Skolierpatroliëkaptein (1) | Slegs Graad 6 |
| • Aqualeiers  | Graad 6 en 7  |
| • Klasleiers  | Graad 1 tot 7 |
| • Groenleiers                                       | Graad 1-7     |

### **3. Assistente.**

- 3.1. Assistentie word deur die betrokke voogde in die volgende kategorieë verdeel: Word verkies uit Gr 6-7 leerders
- Laboratorium assistente
  - Onthaal assistente
  - MBK assistente
  - Admin assistente
  - Rekenaar assistente
  - Sport assistente
  - Terrein assistente
  - Klank assistente
- 3.2. Assistentie doen heeljaar diens in die spesifieke komitee waarvoor hulle aangewys is.
- 3.3. Graad ses en sewe leerlinge word deur leiervoogde in komitees opgedeel.
- 3.4. Assistentie word jaarliks aangestel.
- 3.5. Elke assistent ontvang 'n pligstaat wat deur die kind en die ouer onderteken word.
- 3.6. Indien 'n assistent in die loop van die jaar sy / haar plig versuim, is dit die verantwoordelike personeelid se plig om aan hierdie assistent leiding te bied t.o.v verantwoordelikheid en deursettingsvermoë.
- 3.7. Indien hierdie betrokke assistent nie ag slaan op hierdie leiding nie, sal sy / hy homself/ haarself diskwalifiseer t.o.v. die nominasielys vir die leerlingraad vir die daaropvolgende jaar.
- 3.8. Assistentie mag van sy / haar pligte onthef word.
- 3.9. Dit is die verantwoordelike personeelid se taak om die assistente onder sy direkte beheer die nodige leiding te gee en aanbevelings ter verbetering te maak.
- 3.10 Assistentie wat uitmuntende diens gelewer het, ontvang erkenning hiervoor op die jaarlikse erkenningsgeleentheid. (Mini-prysuitdeling)

- 3.11. Dit word van die verantwoordelike personeellid verwag om in die "Ons gee om" boek rekord te hou van positiewe en negatiewe optrede van die assistente onder sy/haar beheer. Hierdie rekord word in ag geneem by die bepaling van die kortlys vir die verkiesing van leiers
- 3.12. Assistentie word aan die begin van die jaar aangewys en ontvang hulle balkies tydens 'n saalopening.

#### **4. Klasleiers.**

- 4.1. Elke leerling moet 'n gelyke geleentheid gebied word om as klasleier op te tree gedurende die verloop van 'n akademiese jaar.
- 4.2. 'n Rooster word deur die voorgonderwyser opgestel sodat elke leerling kan sien wanneer hy / sy diens doen.
- 4.3. Die aantal klasleiers wat diens doen word deur die voorgonderwyser bepaal.
- 4.4. Dit word van die voorgonderwyser verwag om aantekeninge t.o.v suksesse ens. op die leerling se voogverslag te maak.

#### **5. Leerlingraad.**

**Ontwikkeling seminare word jaarliks gedurende die 3de kwartaal vir al die Gr 5 en Gr 6 leerders aangebied.**

##### **5.1. Hoeveelheid leiers?**

- 5.1.1. Daar word 44 leiers verkies waarvan 1 as Hoofseun, 1 as Hoofdogter en 6 as hoofleiers, 3 seuns en dogters (Akademie, Sport en kultuur) aangewys word
- 5.1.2. Indien daar na afloop van die verkiesing te min seuns of dogters deel uit maak van die 44 verkose leiers, 'n (Minumum van 15), sal die bestuur van die skool besluit of daar addisionele seuns of dogters verkies sal word. Indien die bestuur tevrede is met die 44 verkose leiers sal hulle aanvaar word as die amptelike leiers van Laerskool Impala.
- 5.1.3. Indien daar leerlinge is wat aan die einde van die proses

dieselfde persentasie verwerf het, bereken tot die tweede desimaal, sal hierdie leerlinge almal in die leerlingraad opgeneem word.

## 5.2. Verloop van verkiesing.

5.2.1. Die verkiesingsbeleid word op die Webblad aan ouers beskikbaar gestel. Die volledige beleid is by die skool beskikbaar ter insae.

5.2.2. Die proses neem Aug/Sept in aanvang en word teen einde Oktober afgehandel. Daar sal ook reeds in Aug. met onderhoude en aanstellings van die Aqualeiers begin word. Dit kan dus beteken dat 'n Aqualeier ook as prefek verkies kan word en dus in albei leiersposisies diens kan doen.

5.2.3. 'n Kortlys van Graad 6 leerders word teen begin September saamgestel. Die kortlys word bepaal aan die hand van die volgende:

a.) Die aantal negatiewe en positiewe inskrywings in die "Ons gee om" boek.

b.) Die aantal negatiewe en positiewe inskrywings in die Media en Skolierpatroolie Gedragsboek.

5.2.4. Leerlinge wat kwalifiseer om deel te neem aan die **stemproses** ontvang 'n opleidingsessie t.o.v die stemprosedure.

5.2.5. Die opleidingsessie word deur die verkiesingskomitee van die skool onder leiding van die DPO hanteer.

5.2.6. Die Gr 6 personeel voltooi die evaluasievorm oor die persoons- en leierskapvaardighede en akademiese prestasie soos elders in hierdie beleid vermeld.

5.2.7. Die kultuurhoof en sporthoof voltooi die evaluasievorm oor die kultuur- en sportprestasies soos elders in hierdie beleid vermeld.

5.2.8. Die personeel doen hierdie evaluering individueel. Die punte word dan aan die komitee, wat elders beskryf word, beskikbaar gestel wat dit dan verwerk tot 'n gemiddelde punt vir elke applikant.

## 5.3. Prosedure van leerlingraadverkiesing.

5.3.1. Teen 1 Oktober stem die personeel en leerders (Begin van vierde kwartaal)

- 5.3.2. Verkiesing vind plaas in skooltyd tydens 'n voorgeskrewe aktiwiteitsperiode.
- 5.3.3. Almal stem gelyk op 'n gegewe tyd sodat bespreking deur die leerders beperk word.
- 5.3.4. Daar moet gestem word vir 44 graad 6 leerlinge. Geslag sal geen bepalende faktor wees by die graad 6 leerlinge nie.
- 5.3.5. Nadat al die inligting van die stemme, met die verskillende gewigte deur die DPO op rekenaar verwerk is, word die name van die top 44 leiers aan die bestuur van die skool oorhandig. (Die getal leiers mag meer wees soos in 5.1.5 bepaal word.)
- 5.3.6. Sodra die bestuur die verkose leiers goedgekeur het, sal hulle tydens 'n saalopening ongeveer 'n maand voor die prysuitdeling aan die res van die skool bekendgestel word.
- 5.3.7. Hierdie Gr 6 leerders sal dan as Junior-leiers optree en sal vir 'n maand deur die prefekvoogde en Gr 7 leiers opgelei word rakende hul pligte en verantwoordelikhede.
- 5.3.8. Die Junior-leiers se ouers sal skriftelik in kennis gestel word van hul kind se verkiesing en ook 'n kaartjie van gelukwensing ontvang. Amptelike prefekstatus sal eers aan hulle oorhandig word tydens die prysuitdeling en hul ouers sal hiervoor 'n skriftelike uitnodiging ontvang na die prysuitdeling.
- 5.3.9. Die Junior leiers sal nie 'n balkie dra nie maar wel 'n kenteken om die linker bo-arm om hulle uit te ken onder die ander leerders as Junior-leiers.
- 5.3.10 Tydens die prysuitdeling sal die Junior-leiers dan hul amptelike prefekbalkie en prefekband ontvang. Die Hoofseun en Hoofdogter asook 6 Hoofleiers (Akademie, Sport en Kultuur) sal ook eers tydens die prysuitdeling aangewys word.

#### 5.4. **Prosedure van die hoofleier-verkiesing.**

- 5.4.1. Na die verkiesingproses word die die 44 leiers aan die bestuur voorgelê. Die topbestuur keur nou die aanstelling van die prefekte asook Hoofseun en Hoofdogter goed.

Die 6 seuns en dogters wat dan volgende op die lys geplaas is word nou blootgestel aan n punteglyskaal (Akademie ,Sport , Kultuur) om vas te stel watter leerders die hoogste plaas om die 3 seuns en 3 dogters te kies wat die hoofleierposte gaan beklee.

- 5.4.2. Die 6 leiers word nou vir Akademie , Sport en Kultuur op 'n ranglys geplaas .Die ranglys sal bepaal word waar die portefeuljepunt 'n 50% gewigswaarde het en die aanvanklike leierskappunt op die verkiesing ook 'n 50% gewigswaarde het. Die Top bestuur sal nou die 6 leiers se ranglyste bestudeer en dan besluit watter 3 seuns en 3 dogters die hoofleierposte vir Akademie , Sport en Kultuur sal beklee. Die hoogste algehele persentasie bepaal die portefeulje toegeken aan die leier. Indien 'n leier in meer as een portefeulje die hoogste punt het , sal die portefeuljepunt bepalend wees.

#### **Baie belangrik**

Hoofleier poste word toegeken primer op grond van hul leierskap uitslag nl. posisie 2-7 en nie suiwer volgens hul sport , kultuur of akademiese prestasie nie.

- 5.4.3. Die 8 hoofleiers (Hoofseun en dogter en 6 hoofleiers) se portefeuljes gaan gekoppel word aan die 5 pilare waarop ons skool so suksesvol bestuur word. Die pilare/portefeuljes Leierskap en Christenskap gaan deur die Hoofseun en dogter hanteer word en die ander 6 Hoofleiers (3dogters en 3 seuns) gaan die pilare/portefeuljes Akademie , Sport en Kultuur behartig. Die Hoofseun en Hoofdogter se bande sal aandui (Hoofseun/Hoofdogter). Die ander hoofleiers se bande sal aandui (Hoofleier :Akademie,Sport of Kultuur. Die 8 Hoofleiers se bande en erekleur baadjies sal maroon wees om hulle te onderskei van die ander leiers wat blou baadjies en bande sal dra.
- 5.4.4. Die Hoofseun en dogter asook 6 Hoofleiers sal elk 'n duidelike pligstaat ontvang vir die portefeuljes wat hulle gaan beklee. Hulle en ook die ander 36 leiers sal ook diensroosters elke kwartaal ontvang van pligte/dienste wat van hulle verwag word. Al hierdie pligstate , diensroosters en alle ander inligting en kommunikasie met die leiers en hul ouers sal deur elke prefek in 'n prefekleër geliasseer word gedurende hul diens jaar .

## 5.5. **Rekenaarprogram**

- 5.5.1. Elke leerling op die kortlys se naam word in die rekenaar ingelees.
- 5.5.2. Die name word alfabeties ingelees.
- 5.5.3. 'n Betroubare rekenaarprogram word gebruik.
- 5.5.4. Die rekenaar verwerk die verskillende punte tot 'n persentasie. Die persentasie word tot die tweede desimaal verwerk, bv. 76,35%.
- 5.5.5. Die verkiesingskomitee hanteer die verwerking van die inligting op rekenaar op 'n vertroulike wyse.
- 5.5.6. Die verwerking van die inligting op die rekenaarprogram word deur die DPO bestuur.
- 5.5.7. Die verwerkte inligting word deur die Hoof van die skool gekontroleer.

## 6. **Die verkiesingskomitee.**

- 6.1. Hierdie komitee bestaan uit die volgende:
  - Adjunkhoof
  - DPO
  - Twee leervoogde
- 6.2. Hierdie komitee bestuur die verkiesingsaksie, hanteer die opleidingsessie en sorg dat die beleid uitgevoer word.
- 6.3. Personeel wie se eie kinders in die Graad 5 en/of Graad 6 groep is, mag nie deel vorm van die verkiesingskomitee nie.
- 6.4. Indien lede van die verkiesingskomitee se eie kinders in die Graad 5 en/of Graad 6 groep is, sal die bestuur van die skool, personeel uit die skoolbestuur of senior personeel wie se kinders nie betrokke is, in die betrokke lede se plekke aanwys.

## 7. Kriteria van stemproses in September.

Akademiese prestasie (voogonderwyser)	10%
Persoons-evaluasie (Huidige jaar se vakonderwysers)	10%
Graad 6 leerders (stemme)	10%
Deurlopende leierassessering vanaf Gr1-7	10%
Gr 6 personeel (huidige jaar se vakonderwysers) (stemme)	25%
Gr 5 personeel (vorige jaar se vakonderwysers) (stemme)	15%
Kultuur prestasies : Kultuurhoof en DPO	10%
Sport : sportbestuurder en DPO	10%
Totaal	100%

## 8. Evalueringareas vir die verkiesing van die leerlingraad

### 8.1. Akademiese prestasie.

Leerlinge ontvang die volgende punte uit 10, soos bereken met die leerlinge se kwartaal 1 en 2 punte. (Word deur DPS ingevul). Vorige jare se Akademiese prestasies (Gr4-6)en ook Top 10 status sal hier in ag geneem word tydens die verkiesing van die 8 Hooflleiers. Hierdie prestasies sal op 'n vorm met bewyse vanaf ouers opgeteken word.Dit sal ook deur akademiehoof goedgekeur word.

95- 100%	10 %
90- 94%	9 %
85- 89%	8 %
80-84%	7 %
75- 79%	6 %
70-74%	5 %
65 –69%	4%
60-64%	3%
55-59%	2%
50-54%	1%
Gemiddeld onder 50%	0%



## 8.2 Persoons-evaluering.

Die persoons-evaluering word deur die huidige Graad 6 onderwyser voltooi. Rubriek hiervoor in onderstaande tabel.

Die gemiddeld van al die onderwysers in die graad se evaluering word dan geneem as persoonsevalueringpunt.

**Elke leerling wat op die kortlys is word hiervolgens beoordeel.**

Persoonlike voorkoms en kleredrag	2
Algemene gedrag	2
Plijsgetrouheid in skoolwerk	2
Selfstandigheid	2
Inisiatief in groepsverband	2
Totaal	10

## 8.3. Kultuurprestasie.

Die volgende kriteria word deur die hoof van kultuur voltooi na aanleiding van die leerling se kultuurprestasies, in die jaar waarin die verkiesing plaasvind. Leerders se kultuurprestasies (Gr4-6) sal ook in ag geneem word tydens die verkiesing van die 8 Hoofleiers. Hierdie prestasies sal op vorm met bewyse vanaf ouers opgeteken word. Die kultuurhoof sal dit goedkeur.

**Elke leerling wat deelneem aan die proses moet beoordeel word, selfs al is die afrigter van mening hierdie leerling is nie 'n leier nie. Leerling verdien punt vir hoogste prestasie behaal.**

Hoogste Prestasie				Punte
1. Kunswedstryd	Erekleure	5. Revue/Koor	Erekleure	
2. Uitvoerende Kunste	Goud	6. Voortrekkers	Erekleure	10
3. Dans	Erekleure			
4. Redenaars	Erekleure			
1. Kunswedstryd	Halfkleure	5. Revue/Koor	Halfkleure	
2. Uitvoerende Kunste	Silwer	6. Voortrekkers	Halfkleure	8
3. Dans	Halfkleure			
4. Redenaars	Halfkleure			
1. Kunswedstryd	Prestige	5. Revue/Koor	A-simbole	
2. Uitvoerende Kunste	Brons	6. Voortrekkers	5 – Seëls	7
3. Dans	70% Eksamen			
4. Redenaars	Wenner (Intern)			
1. Kunswedstryd	Diploma			
2. Redenaars	2deplek (Intern)			6
3. Revue/Koor	B-simbool			
4. Voortrekkers	3 seëls			
1. Kunswedstryd	Deelname	4. Redenaars	Deelname	
2. Uitvoerende Kunste	Deelname	5. Revue Koor	Deelname	5
3. Dans	Deelname	6. Voortrekkers	Deelname	

#### 8.4. Sportprestasies.

Die volgende kriteria word deur die Sportbestuurder en die sporthoofde voltooi na aanleiding van die leerling se sportprestasies, in die jaar waarin die verkiesing plaasvind. Vorige prestasies (Gr 4-6) sal ook in ag geneem word tydens die verkiesing van die 8 Hoofleiers. Die prestasies sal op 'n vorm opgeteken word met bewyse vanaf ouers. Die Sporthoof sal dit dan goedkeur.

**Elke leerling wat deelneem aan die proses moet beoordeel word. Slegs die hoogste punt behaal, word in berekening gebring.**

<b>HOOGSTE PRESTASIE</b>	<b>AANTAL PUNTE</b>
Toekenning van prestige of hoër by prysuitdeling vir enige sportaktiwiteit verwerf Kaptein van enige nasionale sportspan	10
Erekleure-hertoekenning by die prysuitdeling vir enige sport- aktiwiteit verwerf Kaptein van enige provinsiale span	9
Erekleure by die prysuitdeling vir enige sport- aktiwiteit verwerf (afsnydatum 1 Oktober van elke jaar) Victor/Victrix Kempton Park Span Kaptein van 1ste Span	8
Half-erekleure verwerf by die prysuitdeling vir enige sport-aktiwiteit Kaptein van enige ander sportspan	7
A-span of 1ste span deelname aan binne skool sportsoorte (ligas)	6
B –span of 2de span deelname aan binne skool sportsoorte (ligas)	5
C-span of 3de span deelname aan binne skool sportsoorte	4
D-span of 4de span deelname aan binne skool sportsoorte	3
Deelname aan huissport	2

### **8.5 Deurlopende assessering van leiers vanaf Gr 1-7**

Vanaf Gr1 tot 7 gaan elke leerder deur hul voogonderwyser reg deur die jaar geassesseer word vir leierskap. Aan die einde van die jaar ontvang leerders 'n punt uit 10 vir (Respek , Voorkoms , Dissipline , Hulpvaardigheid en Plijsgetrouheid.) Die punt word op die leierassessering-vormpie voor in die leerderprofiel aangeteken. 'n Gemiddeld van die punt deur die jare vanaf graad 1 opgebou uit 10 word tydens verkiesing van medialeiers , padpatroolie en prefekte in berekening gebring. Hierdie punte sal ook in ag geneem word tydens die verkiesing van die 8 Hoofleiers.

### **9. Verkiesing van Skolierpatroolie en Medialeiers.**

Met die verkiesing van die skolierpatroolie en die Medialeiers word **dieselfde werkswyse gevolg as met die verkiesing van die Leerlingraad**, met die volgende **enkele uitsonderings**:

- 9.1. 25 Skolierpatroolielede word verkies wat almal seuns moet wees. 'n Kortlys van Graad 5 seuns word saamgestel waarmee die verkiesingsproses bedryf word.

- Verwys hier na par. 5.2.3. (a) en 5.2.3.(b)
- 9.2 25 Medialeiers word verkies wat almal dogters moet wees. 'n Kortlys van Graad 5 dogters word saamgestel waarmee die verkiesingsproses bedryf word. Verwys hier na par. 5.2.3. (a) en 5.2.3.(b)
- 9.3 Die seun en dogter wat onderskeidelik nr. een na afloop van die verkiesing eindig sal dan optree as die Padpatroolie kaptein en Medialeidster. Hulle sal ook 'n band ontvang by die prysuitdeling wat hul titels aandui. Die aanwysing van die leerders moet nie gesien word as outomatiese hoofleierskap in die daaropvolgende jaar nie. Baie tegniese verwickelinge kan deur die jaar plaasvind wat die volgende jaar se uitslag kan beïnvloed. Die 2 leiers sal ook elk 'n pligstaats ontvang met wat van hulle verwag word.

## **10. Nuwe leerlinge.**

- 10.1. Nuwe leerlinge van ander skole kom ook in aanmerking vir leiersposisies, aangesien Impala besef dat 'n leerling se leierspotensiaal nie deur verskuiving na 'n nuwe skool beïnvloed word nie.
- 10.2. Nuwe leerlinge wat vroeg in die jaar ingeskryf het, en by Impala die kortlys haal, se geskiedenis by die vorige skool sal nagevors word deur die DPO voor toelating tot die kortlys. Die DPO sal 'n verslag saamstel wat aan die bestuur voorgelê sal word vir bespreking. Die bestuur sal dan bepaal of hy/sy die posisie op die kortlys kan beklee.
- 10.3. 'n Nuwe leerling wat as leier/hoofleier, vanaf 'n ander skool, inskryf, word as addisionele leerlingraadslid aangestel. Hy/sy kan slegs die posisie by Impala beklee indien die volgende stappe plaasgevind het.
1. Hy/sy aan aan die kriteria van Impala se leierskap voldoen.
  2. Die DPO 'n verslag aan die bestuur voorlê rakende die leerder se geskiedenis by die vorige skool.
  3. Die bestuur tevrede is met die DPO se verslag en sodoende goedkeuring verleen om die leerder as leier by Impala aan te stel

## **Algemeen.**

- 11.1. Elke leerder wat aan die verkiesing deelgeneem het kan, deur middel van sy/haar ouers of voogde, navraag doen oor sy/haar posisie en punte. Dit is 'n deursigtige proses

waar elke punt verantwoord kan word. Ouers is dus welkom om navraag te doen.

- 10.2. Personeel en Beheerliggaamlede wie se kinders in Graad 5 of Graad 6 is, mag onder geen omstandighede by enige van die verkiesingsprosesse betrokke wees nie. Hulle mag dus ook nie stem nie.

11.3 **Vakante poste in leiershoedanigheid:**

'n Vakante pos ontstaan wanneer die getal leiers onder die getal van 44 leiers daal. Dit geld ook by die padpatroolie en medialeiers as die getal onder 25 daal.

**Vakante poste word as volg gevul:**

- Die 5 leerlinge wat die hoogste telling gekry het van al die leerlinge, wat tydens die verkiesingsproses uitgeval het, kom op 'n alfabetiese waglys.
- Die personeel, wat vir hulle klasgee, stem dan om die vakante posisie te vul.
- Die bestuur gee die finale goedkeuring.

*Hersien 18 Augustus 2016*